Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

MEI 2025

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

VOORGENOME VERHOGING VAN EIENDOMSBELASTING ONTLOK DEBAT

Die proses om Munisipaliteit Overstrand se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan tesame met die voorgestelde 2025/26-begroting in konsepvorm in oënskou te neem, het gepaardgegaan met verskeie openbare vergaderings in en plaaslike besoeke aan woonbuurte oral in Overstrand.

In 'n poging om uitgawes teen inkomste te balanseer, is die huidige voorstel om watertariewe met 6,2% te verhoog; riolerings- en vullisverwyderingstariewe met 6%; en elektrisiteitstariewe met 9,96%. Eiendomsbelasting gaan waarskynlik ook met 9,7% op die sent in die Rand-waarde verhoog. Dit is te verstane dat inwoners hul kommer uitgespreek het oor die voorgenome verhoging in eiendomsbelasting en wou weet of hulle, vergeleke met ander munisipaliteite in die Wes-Kaap in die algemeen, nie dalk oorbelas word nie.

In hierdie verband moet eiendomseienaars in gedagte hou dat verskeie van die dienste wat inwoners van Munisipaliteit Overstrand verwag om te lewer óf onder "onbefondsde" óf "onderbefondsde" mandate ressorteer. Hierdie is verantwoordelikhede wat die nasionale of provinsiale regering op die munisipaliteit gelaai het, sonder die nodige finansiële ondersteuning.

Ter illustrasie, die koste om die bobbejane te bestuur, word ten volle deur die munisipaliteit gedra sonder enige finansiële hulp van ander regeringsfere. Dieselfde geld vir behuisingsadministrasiedienste wat deur die munisipaliteit gelewer word sonder enige befondsing hoegenaamd.

Biblioteekdienste is onderbefonds (net in die 2025/26-boekjaar het die tekort aan toelaebefondsing meer as R2,5 miljoen bedra), terwyl brandweer-en-reddingsdienste dikwels ingeroep word om hulp buite stedelike grense te verleen, maar die koste om sodanige hulp te verleen, word nooit gedeel nie.

As daar van die munisipaliteit verwag gaan word om steeds sy verpligtinge ten opsigte van beide onbefondsde en onderbefondsde mandate na te kom, is daar geen ander opsie as om ons tot inkomste voortspruitend uit eiendomsbelasting te wend nie.

Van belang hier is om daarop te let dat selfs al word die voorsiene inkomste uit eiendomsbelasting as net minder as R384 miljoen in die 2025/26-konsepbegroting aangegee, is daardie inkomste steeds nie voldoende om die koste te dek wat die munisipaliteit moet aangaan om sy onderbefondsde/onbefondsde mandate gestand te doen nie.



BEKOSTIGBAARHEID

Vergelyk ons appels met appels, of appels met pere?

Met betrekking tot die bewering dat Overstrand se inwoners "oorbelas" word vergeleke met die diensgelde en eiendomsbelasting wat deur ander munisipaliteite in die Wes-Kaap gehef word, is die antwoord glad nie so eenvoudig nie.

Wanneer een munisipaliteit met 'n ander vergelyk word, is dit belangrik om die verskil in grootte, populasie, plaaslike ekonomieë en die vermenging van residensiële teenoor industriële eiendomme in gedagte te hou -

- Alle eiendomme binne 'n munisipaliteit word gekategoriseer na gelang van daardie eiendom se werklike of toegelate gebruik (bv. 'n residensiële huis, 'n sake-/kommersiële eiendom, 'n ***bona fide*** plaas, 'n onbeboude erf, 'n perseel wat deur 'n openbare weldaadsorganisasie gebruik word, ens.) en word, na gelang van die kategorie waaronder hulle ressorteer, verskillend aangeslaan.
- Die ***Wet op Munisipale Eiendomsbelasting*** bepaal dat eiendomsbelasting vir residensiële eiendomme bereken moet word gegrond op die markwaarde van daardie eiendom – 'n waardasie wat afgelei word deur ag te slaan op wat 'n gewillige koper bereid sou wees om 'n gewillige verkoper te betaal.

'n Goeie voorbeeld van waar appels met pere vergelyk word, is wanneer daar 'n vergelyking tussen Mosselbaai en Overstrand getref word: Dit is te danke aan Mosselbaai se sterk industriële basis dat dié munisipaliteit daarin kon slaag om histories die laagste eiendomsbelasting in die provinsie te hef.

Snaaks genoeg, dié prentjie sien heel anders daaruit wanneer ***bekostigbaarheid*** vergelyk word.

Ooreenkomstig sy mandaat word daar van die Wes-Kaapse departement van plaaslike regering verwag om jaarliks data met betrekking tot die bekostigbaarheid van munisipaliteite openbaar te maak.

Gegrond op die syfers wat in die tabel hier onder aangegee word, was die bekostigbaarheid van 'n residensiële eiendom in die Overstrand gewaardeer as R2 miljoen heelwat laer as dié van ons eweknieë langs die kus wanneer 2023/24 se diensgelde en eiendomsbelasting in berekening gebring word.

Overstrand se eiendomsbelasting vs. ander kusdorpe

Munisipaliteit	2023/24- residensiële markwaarde van R2 mil.	
Bitou	R9 933	(R827 p.m.)
Knysna	R14 664	(R1 222 p.m.)
George	R10 347	(R862 p.m.)
Mosselbaai	R6 815	(R567 p.m.)
Overstrand	R6 568	(R547 p.m.)
Kaap Agulhas	R13 567	(R1 131 p.m.)
Saldanhabaai	R12 211	(R1 018 p.m.)

SÊ JOU SÊ

Munisipaliteit Overstrand het alles moontlik gedoen om verhogings in diensgelde en eiendomsbelasting te verhoed, maar gegewe stygende koste en beperkte befondsing sowel as die nodigheid om 'n billike balans te handhaaf tussen die koste van dienslewering en wat inwoners rederlikerwys kan bekostig, wil dit voorkom asof stygings in tariewe onvermydelik is.

As jy kommentaar op die 2025/26-konsepbegroting wil lewer, rig asseblief jou kommentaar vóór **6 Mei 2025** aan cfo@overstrand.gov.za of mm@overstrand.gov.za.

Die munisipaliteit sal alle kwellinge en terugvoer oorweeg voordat die finale begroting op 28 Mei 2025 aanvaar word.

Dit is glad nie meer nodig om deur talle oortjies te blaai nie. Alle dokumente wat ter openbare inslae lê, is nou op een sentrale plek beskikbaar: https://www.overstrand.gov.za/document/documents-open-for-public-comment/

LUISTER EERS, GAAN KYK SELF, KOM VERTEL DAN

Stormwater Kleinmond

Stormwater Mountain View

Waternetwerk-opgradering Pringlebaai

In aanloop tot openbare wykskomiteevergaderings is dit gebruiklik vir wyksraadslede om (vergesel van munisipale amptenare en wykverteenwoordigers) te bepaal tot watter mate daar gevorder is met die aanspreek van daardie kwessies wat deur die gemeenskap onder hulle aandag gebring is.

Allerbelangrik, met die oog daarop om akkurate terugvoer ten tyde van die opkomende vergaderings te kan gee, word terreinbesoeke ook gebring aan daardie projekte wat van stapel gestuur is om werk te maak van kritieke dienslewerings-kwessies sodat wyksraadslede en -verteenwoordigers eerstehands kan sien hoe daardie projekte vorder.

'n Goeie voorbeeld hiervan is **Wyk 9** waar die vraag wat ten tyde van die afgelope vakansieseisoen ervaar is probleme met betrekking tot **waterverwante infrastruktuur** tot op die keper gedryf het.

Om hierdie probleem die hoof te bied, word die stormwaterstelsel in Beverly Hills opgegradeer, en die waterpyp in 13de Laan in Kleinmond sal vervang en opgegradeer word na 'n groter 355 mm-diametermaat. Daarbenewens sal die waterpype in Proteadorp en in 6de Straat in Kleinmond ook vervang word.

In hierdie verband is dit belangrik om daarop te let dat Kleinmond se waterstelsel bykans 'n dekade gelede in twee waterdruksones verdeel is met die bedoeling om, veral snags, hoë waterdruk met behulp van drukreduseerkleppe te beheer.

Hierdie kleppe word gereeld versien, en daar word voorsien dat die installering van die groter pype grotendeels tot verbeterde vloei sal bydra en sal help om die waterdrukprobleme wat ten tyde van verhoogde vraag ervaar word, te verlig.

Wykskomitees in aksie

Ter agtergrond, Munisipaliteit Overstrand bestuur ongeveer 830 km se waterpyplyne, waarvan 215 km die gebiede Kleinmond, Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels bedien.

Gegewe die uitdagings wat verouderende infrastruktuur inhou en wat deur 'n groeiende populasie vererger word, het die munisipaliteit sowat 15 jaar gelede 'n gefaseerde waterpypvervangingsprogram goedgekeur. Begrotingsbeperkings ten spyt, word 'n poging aangewend om elke jaar soveel as moontlik fondse aan hierdie program toe te wys.

Die prioritisering van waterpypvervangings word, ondermeer, gegrond op statistiek (bv. die frekwensie van gebarste pype), die dringendheid van opgraderings soos uitgestip in die munisipaliteit se watermeesterplan en die insette wat deur bedryfsdepartemente gelewer word.

Tans is die beskikbare begroting grotendeels toegewys aan die kritieke areas in Pringlebaai, Bettysbaai en Kleinmond. Tot op hede is daar oor die afgelope 15 jaar naastenby R23 miljoen bestee aan die waterpypvervangingsprogram in Rooiels en Pringlebaai, R41 miljoen in Bettysbaai, R36 miljoen in Kleinmond en R122 miljoen in areas elders in die Overstrand.

Ander langtermyn- groot waterverwante infrastruktuurprojekte in die Overstrand sluit in die beplande konstruksie van addisionele reservoirs, tesame met grootmaatwatertoevoerpype in Onrusrivier en Bettysbaai, waarvoor die omgewingsimpakstudies tans nog aan die gang is, sowel as die opgradering van Onrus se hoofrioolpompstasie ten einde verbandhoudende risiko's te verlaag. Die opgradering van die Onrusrioolpompstasie sal hopelik in 2025/26 kan begin, mits omgewingsgoedkeuring verkry word. Daardie proses is ook steeds aan die gang.

Wat die toekoms betref, is die munisipaliteit tans besig om sy water- en rioleringsmeesterplan vir die volgende 20 jaar by te werk. Uiteraard sal hierdie bywerkings, gegrond op huidige ontwikkelingspatrone, ag slaan op die voorsiene toekomstige vraag sowel as die omgewingsimpak wat enige voorsiene projek dalk kan inhou.

WEES BEDAG OP SLENTERS

Baie slenters doen die rondte, maar twee in die besonder besorg Overstrand hoofbrekens: Die een dreig dat ons op die punt staan om jou munisipale dienste te diskonnekteer, en die ander bied "fiktiewe werksgeleenthede".

Diskonnektering van dienste

Let daarop dat ons jou nooit via WhatsApp sal inlig dat jou rekening agterstallig is en dat ons op die punt staan om jou munisipale dienste te diskonnekteer nie.

In gevalle waar rekeninge agterstallig is, word daar streng by die volgende prosedure gehou:

1. As ons 'n kliënt se selfoonnommer op rekord het, sal ons 'n SMS stuur om die kliënt in te lig dat sy/haar rekening agterstallig is en dat hy/sy twee dae gegun word om 'n betaling te maak.
2. As die betaling nie binne twee dae gemaak word nie, sal 'n 14-dae-kennisgewing by die kliënt se fisiese adres besorg word sowel as per e-pos versend word in gevalle waar ons 'n e-posadres op rekord het.
3. Slegs wanneer 'n betaling nie binne die 14-dae-tydperk gemaak word nie, sal munisipale dienste beperk en/of gediskonnekteer word.

Let ook daarop dat munisipale amptenare nooit daarop sal aandring dat jy daar en dan betaal om te verhoed dat dienste gediskonnekteer word nie. As enige geld (bv. heraansluitingsfooie) betaal moet word, moet betalings direk aan Munisipaliteit Overstrand se amptelike bankrekening gemaak word, hetsy via EFT of by 'n betaalkantoor.

Werkslenters

1. Ons raai inwoners ten strengste aan om nie op ongevraagde werksaanbiedings te reageer nie.
2. Munisipaliteit Overstrand adverteer ***alle vakatures*** (hetsy permanent, vaste-termyn of tydelik) in koerante en op ons amptelike webtuiste.
3. Dus, as jy dit nie daar gesien het nie, bestaan dit nie.

Bly asseblief op jou hoede en moenie nalaat om enige verdagte aktiwiteite onmiddellik aan die ter sprake owerheid en die SAPD te rapporteer nie.

LAASTE WAARSKUWING!

Nedbankrekeninge sluit eersdaags

Munisipaliteit Overstrand gaan al sy rekeninge by Nedbank amptelik op 30 Junie 2025 sluit as die finale stap in sy oorgang na ABSA as die munisipaliteit se amptelike verskaffer van bankdienste.

Hierdie verandering volg op die aanstelling van ABSA-bank (takkode: 632005 / Swift-kode: ABSAZAJJ) verlede jaar ingevolge wetgewing waarvolgens daar van munisipaliteite verwag word om hul kontrakte vir bankdienste elke vyf jaar te hernieu.

Tot tyd en wyl die volgende suksesvolle tenderaar aangewys word, moet alle munisipale betalings aan een van die vier aangewese ABSA-bankrekeninge gemaak word: *Primary Account, Traffic Fines, Account Payments of Onrus Caravan Park*. Vir details oor hierdie rekeninge gaan na https://www.overstrand.gov.za/pay-and-purchase-2/. *'n Beroep word op inwoners en sakeondernemings gedoen om dubbelseker te maak dat die rekening se naam korrek is aangesien sommige belastingbetalers per ongeluk Overbergdistriksmunisipaliteit (ODM) in plaas van Munisipaliteit Overstrand betaal het.*

'N BEROEP OP ALLE ONTVANGERS VAN DEERNISTOELAES: ONTHOU OM WEER AANSOEK TE DOEN

Aan die hand van sy Deernisbeleid, bied Munisipaliteit Overstrand finansiële hulp aan lae-inkomstehuishoudings deur die koste van basiese dienste te dek. Om steeds hierdie toelaes te kan ontvang, ***moet alle ontvangers van deernishulp egter jaarliks heraansoek doen.***

- Inwoners kan gedurende die week by enige munisipale kantoor in Gansbaai, Stanford, Hermanus of Kleinmond aanklop om hulp.
- Munisipale amptenare sal ook op geselekteerde weeksdae (10:00 – 18:00) en sekere Saterdae (09:00 – 12:00) by verskeie gemeenskapsale oral in die Overstrand beskikbaar wees om hulp te verleen met aansoeke vir gratis basiese dienste en elektrisiteitseenhede. Kontak jou wyksraadslid om uit te vind op watter datums en waar hierdie sessies gehou gaan word.

HAWSTON-INWONERS VIER BEDUIDENDE MYLPAAL

Vroeg in April is die tweede sarsie titelaktes vir 'n uiteindelike totaal van 107 gedienste standplase aan FGISP-behuisingsbegunstigdes oorhandig. Hierdie inisiatief is deel van 'n voortgesette vennootskap tussen Munisipaliteit Overstrand en die Wes-Kaapse departement van infrastruktuur: menslike nedersettings.

Dié inisiatief het ten doel om bekostigbare behuisingsoplossings te bied aan daardie eerstekeer-huiseienaars wat, gegrond op hul huishoudelike inkomste, uitgesluit is van kwalifisering vir staatsgesubsidieerde *Breaking New Ground*-behuisingsgeleenthede.

Om hierdie gaping te oorbrug, bied die finansies-gekoppelde individuele subsidieprogram (FGISP) 'n subsidie aan kwalifiserende begunstigdes wat 'n verband bekom het om óf 'n bestaande huis óf 'n onbeboude, gedienste residensiële standplaas te koop.

Waarnemende Uitvoerende Burgermeester rdh. Lindile Ntsabo het van hierdie geleentheid gebruikgemaak om inwoners aan te moedig om seker te maak dat hulle name op die behuisingsdatabasis is en om die moeite te doen om uit te vind watter behuisingsprogramme hul voor kwalifiseer.